

5

Wat moet gelowiges doen en hoe moet hulle lewe?

ONS DOELWIT

Die jongmense moet ervaar dat geloof in Jesus Christus 'n lewe wat anders is en lyk, tot gevolg het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- wat die dinamiek van die eerste gemeente was;
- dat kinders van God aan 'n nuwe identiteit geken word;
- dat geloof nie verstokte reëls vra nie, maar 'n lewende gesindheid;
- dat Jesus gelowiges aan 'n groter familie laat behoort – hulle is *broers* en *susters*;
- dat hulle geroep word om gestuur te word;
- dat hul noemnaam *Christen* is; en
- dat om 'n dissipel van Jesus Christus te wees, 'n lewenswyse is.

Gesindheid

Die jongmense moet bereid wees om –

- met 'n nuwe identiteit dissipels van Jesus te gaan wees;
- as *broers* en *susters* te gaan leef en werk; en
- namens Jesus gestuur te word.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- deurlopend by 'n gemeentepraktyk betrek word; en
- begelei word op die een of ander *stuur*-handeling.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Die nuwe identiteit wat ons as gelowiges ontvang, het 'n effek op ons hele lewe. Ons nuwe identiteit impliseer dat ons deur God uitgekies is om anders te wees, en hierdie andersheid

bepaal wat ons doen en hoe ons lewe.

Gelowiges se ou en nuwe identiteit

Die Bybel omskryf die nuwe identiteit van Christene op baie plekke en maniere. Efesiërs 2: 11-22 verduidelik dat die *ou* mens sonder Jesus Christus uitgesluit was van burgerskap, ver van God af en sonder deel aan 'n verhouding met Hom. Deur geloof in Jesus Christus word ons *nuwe* mense wat naby aan God kan wees deur die bloed van Christus, sonder skeiding tussen ons en God, vry van lewelose wette en reëls, met vrye toegang tot die Vader. Ons is nou medeburgers en lede van God se huisgesin wat soos 'n gebou opgebou word waarin God kan woon, terwyl Jesus die belangrikste steen in die gebou is.

Gelowiges is heilig

Om heilig te wees, beteken glad nie dat ons perfek en sonder sonde is nie. Dit beteken nie dat ons net altyd reg optree teenoor ander nie. Heilig wees beteken om afgesonder te wees vir God, of om *anders* gemaak te wees. Dit beteken dat God ons uitkies om aan Hom te behoort en aan Hom gewy te wees. Efesiërs 5: 26 vergelyk die verhouding tussen God en sy kinders met die verhouding tussen 'n *man* en 'n *vrou* wat mekaar waarlik liefhet. God het gelowiges gekies om Syne te wees. Om hierdie nuwe lewensruimte te verduidelik, noem Efesiërs 1: 10-13 ons *die volk van God*. As ons aan God behoort, kan ons nie ook aan iemand anders behoort nie. Ons moet trou aan Hom wees en ons hele lewe net aan Hom wy. Die doop en die Nagmaal herinner ons gereeld aan hierdie besondere verhouding tussen sondige mense en ons hemelse Vader.

Gelowiges het 'n ander perspektief om anders na alles te kyk

Saam met die geloof wat ons van God ontvang, kry ons ook ander oë, geloofsoë. Hierdie oë gee aan ons 'n ander perspektief waarmee ons na alles kyk. Ons leer as't ware om alles deur God se oë te sien en te waardeer. Die lewe kry vir ons 'n baie groter betekenis; ons sien onself en ander mense as kinders van God; ons kan hoop hê in moeilike omstandighede; ons vertrou op God se almag; ons weet van die ewige lewe; ons staan óp teen ongeregtigheid; en leer om sensitief te wees vir die nood rondom ons. Geloof laat ons die groter prentjie sien, en laat ons verstaan hoe God sy kinders wil gebruik in sy raadsplan van verlossing en lewe (Handelinge 2: 37-47).

Gelowiges leef as dele van 'n liggaam

Wanneer God ons vir Hom uitkies, gee Hy ons ook vir mekaar. Jesus het nie net een dissipel geroep nie, maar 12. In Romeine 12: 3-21 lees ons dat ons deel geword het van 'n familie en dat verskillende gelowiges een liggaam vorm. In hierdie liggaam is almal wedersyds van mekaar afhanklik om te lewe en goed te kan funksioneer. Geloof roep ons dus om na mekaar te soek en ons plek in God se huisgesin te vind. Daarom noem ons mekaar *broers en susters*. Daarmee bely ons dat ons saam kinders is van 'n Vader van wie ons afhanklik is, maar dat ons mekaar ook nodig het. 1 Korintiërs 12 verduidelik die samestelling van die liggaam en hoe elkeen se funksie noodsaaklik is vir die goeie funksionering van die liggaam, die gemeente. Die rede waarom gemeentes bestaan, is sodat die een lid van die *gesin* die ander een kan ondersteun en dra.

Gelowiges tree anders op as die normale

Dit klink dalk baie vreemd om te sê dat gelowiges nie normaal nie maar *abnormaal* leef. Dit is presies wat *anders* beteken. Christelike andersheid is 'n positiewe tipe *abnormaal*. Ons, die gelowiges, is geroep om anders te wees, anders te dink, anders te sien en ook anders op te tree. Hierdie andersheid is die gevolg van ons nuwe identiteit. Die wêreld waarin ons leef se

normaal is vol gebrokenheid, sonde, liefdeloosheid, selfsug en stryd oor mag en rykdom. Ons *abnormaal*-wees is om ons vyande lief te hê, om die ander wang te draai, om 'n ekstra myl saam te stap, om onvoorwaardelik te vergewe... God wil hê dit moet by sy kinders anders wees as in 'n liefdelose koninkryk. Daarom het Hy deur Jesus Christus 'n koninkryk kom vestig wat nie van en soos hierdie wêreld is nie – dis die koninkryk wat vir ons lewensruimte bied sodat dieselfde gesindheid wat daar in Jesus is, ook in ons kan wees. Die wêreld het ons nodig om 'n verandering te bring deur anders as die normale te leef. Ons kan die normale slegs verander as ons andersheid die normale beïnvloed. Romeine 12 verduidelik dat hierdie andersheid moontlik word wanneer ons onself as lewende en heilige offers aan die Here oorgee.

Gelowiges word deur die Heilige Gees geïnspireer

Die voorreg wat gelowiges het, is dat al leef ons in ons menslike sondige natuur, ons nie meer daardeur beheer hoef te wees nie. Romeine 8: 1-17 beskryf die wonder van die Gees van God wat in gelowiges woon en hul lewens inspireer. Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees van God beïnvloed dus ons lewens in elke opsig. Die Gees hou ons geloof in stand, tree vir ons in wanneer ons bid, lei ons in die waarheid en staan ons by in daaglikse bekering. Die Gees maak eredienste van gewone menslike samekomste, en heilige sakramente van gewone lewensmiddele soos water, brood en wyn. Laastens, maar nie die minste nie, laat die Heilige Gees God aan die woord kom elke keer wanneer ons uit die Bybel lees of daarna luister.

Gelowiges verstaan liefde anders

God se wese word telkens in die Bybel rondom liefde beskryf. In die Ou Testament word die opdrag van liefde duidelik uiteengesit in die tien gebooië. God se wil is liefde vir Hom en vir ons naaste. Jesus beklemtoon hierdie beginsel weer tydens sy aardse bediening – Hy demonstreer hierdie liefde met wonderwerke, gelykenisse, genesings en selfopoffering deur selfs sy lewe vir ons aan 'n kruis te gee. Liefde wat van God af kom, lyk en werk ook soveel anders as die liefde wat gewoonlik by mense aangetref word. (Vergelyk 1 Johannes 4: 7-21.) God se liefde kan onvoorwaardelik vergewe, dit kan 'n tweede kans gee, dit wil altyd insluit, dit hou niks terug nie, dit gee alles en bestaan ten spyte van haat, selfsug en liefdeloosheid. 1 Korintiërs 13 beskryf hoe hierdie tipe liefde is. God se liefde is anders as menslike emosie of emosionele liefde. Daarom, as Hy van ons verwag om so lief te hê, behoort ons selfs ons vyande lief te hê. Daar is 'n verskil tussen liefhê en om van iemand te hou. Om lief te hê, is 'n opdrag. Om van iemand te hou, is 'n keuse.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.
- Stophorlosie.
- Genoeg spasie waar die hele groep in twee rye kan staan en rondbeweeg.
- Vir elkeen 'n afskrif van die onderstaande blokraaisel.

NAAM:

DWARS

1. Geloof en (*dade*) kan nie van mekaar losgemaak word nie.
2. Geloof is die gevolg van God se (*vergifnis*).
3. Ek moet die (*Bybel*) ken om in God te kan glo.
4. Ek gaan God (*liefhê*) bo alles en almal.
5. (*Jesus*) vat my sonde absoluut weg.
6. Ek gaan God liefhê bo alles en almal, daarom neem ek my voor om vir Hom te (*werk*).
7. Omdat ek (*glo*) dat Jesus my sonde weggevat het, kom daar 'n nuwe krag en dinamiek in my lewe.

AF

8. Ek gaan God liefhê bo alles en almal, daarom neem ek my voor om alles te doen tot (*voordeel*) van alle mense, myself en die natuur.
9. Ek moet (*dankbaar*) wees dat God my laat glo.
10. Die Heilige Gees gebruik daardie kennis om my (*geloof*) te wek en te versterk.
11. Om gelukkig te wees, moet ek van my (*sonde*) ontslae kan raak.

							¹ D	A	⁹ D	E									
									A										
									N										
									K										
			⁸ V						B										
			O						A										
			O						A										
			R				² V	E	R	¹⁰ G	I	F	N	I	S				
			D							E									
			E			³ B	Y	B	E	L									
			E							O									
	⁷ G	L	O							O									
							⁴ L	I	E	F	H	Ê							
							⁵ J	E	¹¹ S	U	S								
									O										
									N										
									D										
							⁶ W	E	R	K									

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Open deur VONKK-lied 243 te lees, en laat die persoon met wie gereël is, open met gebed.

*Laat my nooit die grond verlaat nie.
Laat my in u skadu bly.
Gee dat elke aardse vreugde en vrees
eind'lik nietig word vir my.
Elke afdraaipaadjie ken ek.
Elke keer het ek gedwaal.
Elke keer het U my iewers kom haal.
Maak dit, Heer, die laaste maal.*

*Elke dag is 'n gedagte,
elke kamer net gehuur.
Elke aardse droom van rykdom en roem,
net 'n skadu teen die muur.
Wat ek is, is net genade,
wat ek het, is net geleen.
Eintlik smag ek na u waters van rus.
Lei my, Heer, vanaand daarheen.
Lei my, Heer, vanaand daarheen.*

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Laat een van die jongmense die geloofsbelydenis wat hulle in hul eie woorde geskryf het, voorlees, en bespreek dit kortliks.
- Kontroleer of almal 'n geloofsbelydenis geskryf het.
- Kontroleer of hulle by www.nhka.org enige bykomende inligting gevind het.
- Laat 'n paar van hulle lees –
 - o wat hulle geskryf het oor hoe die vorige aanbieding hulle gelukkig laat voel het;
 - o wat hulle gaan doen om die krag en dinamiek van hul geloof grond te laat vat in elke dag se lewe; en
 - o watter praktiese geloofsdaad hulle gedurende die week verrig het.
- Deel die blokkiesraaisels uit.
- Laat hulle hul boeke toemaak, en kontroleer of hulle die feite ken deur die blokkiesraaisel in te vul.
- Laat hulle papiere ruil.
- Gee die regte antwoorde en laat hulle dit merk.
- Neem die blokkiesraaisels in.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

Deel die groep in kleiner groepe van drie, of as daar min leerders is, laat die hele groep die volgende vrae bespreek, eers in die kleiner groepe en dan in die groot groep.

- Wat dink julle beteken *normaal* en *abnormaal*?
- Hoekom is dit altyd vir mense so belangrik om iewers in te pas?

- Wat gebruik ons alles om in te pas by die normale?
- Dink julle dit was vir Jesus belangrik om in te pas in die samelewing van sy tyd?
- Noem alle gevalle waarvan julle weet waar Jesus anders gepraat en opgetree het as die ander mense in sy omgewing.

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Behandel die kern van EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo en plaas klem op die volgende:

Gelowiges se ou en nuwe identiteit

- Die Bybel omskryf die ou identiteit van gelowiges as die *ou* mens sonder Jesus Christus, uitgesluit van burgerskap, ver van God en sonder deel aan 'n verhouding met Hom.
- Deur geloof in Jesus Christus word ons *nuwe* mense, wat naby aan God kan wees deur die bloed van Christus, met vrye toegang tot die Vader.

Gelowiges is heilig

- Om heilig te wees, beteken om afgesonder te wees vir God, of om *anders* gemaak te wees.
- Dit beteken dat God ons uitkies om aan Hom te behoort en aan Hom gewy te wees.
- Die doop en die Nagmaal herinner ons gereeld aan hierdie besondere verhouding tussen sondige mense en ons hemelse Vader.

Gelowiges het 'n ander perspektief en kyk anders na alles

- Saam met die geloof wat ons van God ontvang, kry ons ook ander oë, geloofsoë, om anders na die werklikheid te kyk:
 - o Ons sien onself as *kinders* van God en nie *kinders* van die wêreld nie;
 - o ons kan hoop hê in moeilike omstandighede;
 - o ons vertrou op God se almag en ons weet van die ewige lewe; en
 - o ons staan óp teen ongeregtigheid en leer om sensitief te wees vir die nood rondom ons.
- Geloof laat ons die groter prentjie sien en laat ons verstaan hoe God sy *kinders* wil gebruik in sy raadsplan van verlossing en lewe.

Gelowiges leef as dele van 'n liggaam

- Geloof maak ons deel van God se *huisgesin*. Daarom noem ons mekaar *broers en susters*.
- Elke *familielid* is noodsaaklik vir die goeie funksionering van God se *gesin*.

Gelowiges tree abnormaal op – anders as die normale

- Ons is geroep om anders te wees, anders te dink, anders te sien en ook anders op te tree.
- Die wêreld waarin ons leef se *normaal* is vol gebrokenheid, sonde, liefdeloosheid, selfsug en stryd oor mag en rykdom.
- Gelowiges kan dit wat *normaal* is alleen verander deur *anders* of *abnormaal* op te tree – liefde in die plek van haat, vrede in die plek van stryd, vrygewigheid in die plek van selfsug.

Gelowiges word deur die Heilige Gees geïnspireer

- Gelowiges is bevoorreg om nie meer deur hul sondige natuur beheer te word nie.
- Gelowiges word deur die Heilige Gees beheer.

Gelowiges verstaan liefde anders

- Gelowiges se liefde word soos God se liefde – dit vergewe, dit gee 'n tweede kans, dit omhels en sluit in, dit stel belang, dit maak verhoudings heel, dit hou niks terug nie, dit gee alles en bestaan ten spyte van haat, selfsug en liefdeloosheid.
- 1 Korintiërs 13 beskryf hoe hierdie tipe liefde is.
- Gelowiges se liefde is anders as net emosionele liefde – gelowiges kan selfs hul vyande liefhê.
- Om lief te hê, is 'n opdrag – gelowiges moet alle mense liefhê.
- Om van iemand te hou, is 'n keuse, dit is gevoel, dit is emosie – jy kan dit nie help as jy nie van iemand hou nie.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

Laat hulle hul Bybels oopmaak by Handeling 2: 37-47. Lees dit hardop saam terwyl hulle volg. Doen saam Bybelstudie oor die gedeelte na aanleiding van die volgende vrae:

1. Waarna het die mense geluister toe hulle diep getref is? (*Petrus se toespraak op Pinsterdag.*)
2. Wat het Petrus vir hulle gesê? (*Hy het getuig dat Jesus aan 'n kruis gesterf het, weer opgestaan het uit die dood, en dat God Hom Here en Christus gemaak het.*)
3. Wat was Petrus se antwoord toe hulle hom vra wat hulle moet doen (verse 38-39)? (*Bekeer julle en laat julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.*)
4. Wat het gebeur met die mense wat Petrus se woorde aangeneem het (verse 41-42)? (*Hulle is gedoop en omtrent 3 000 mense het gelowiges geword. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels, en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*)
5. Wat het die eerste gemeente alles gedoen (verse 44-47)? (*Hulle was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hul grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hul kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.*)
6. Is daar iets wat julle kan sien wat anders is in die manier hoe die gelowiges opgetree het? Skryf neer wat dit is. (*Hulle het dieselfde gesindheid gehad en nie dwars getrek nie. Hulle het hul goed verkoop en met mekaar gedeel. Hulle het vir mekaar omgee. Hulle het die armes gehelp. Hulle het gereeld kerk toe gegaan. Hulle het saamgekuier en saam geëet. Hulle het God oral geprys.*)
7. Hoekom het hul andersheid so duidelik uitgestaan? (*Hulle het nie net anders gedink nie, maar anders gedoen en geleef. Hulle het geleef asof hulle die wederkoms enige oomblik verwag. Hulle het dadelik sigbaar uitdrukking gegee aan hul nuwe identiteit – hulle het gewys wat hulle met hul geloofsoë gesien het.*)
8. Dink julle daar is 'n verskil tussen die geloof en lewenswyse van die eerste gemeente en hoe dit vandag in jou gemeente behoort te wees? Motiveer jul antwoord. (*Nee, dit is presies dieselfde geloof wat sigbaar moet word in ons diens aan God en ons medemense – ons moet God dien en eer in die erediens en omsien na behoeftige mense.*)

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

EERSTE GESPREK

Laat hulle in 'n spatie staan wat groot genoeg is vir almal om gemaklik te kan staan en te beweeg.

- Deel die groep in twee.
- Laat die twee groepe teenoor mekaar kom staan.
- Laat die een groep die ander se voorkoms noukeurig waarneem vir 30 sekondes.
- Die groep waarna gekyk is, word nou gevra om vir 'n rukkie die vertrek te verlaat en 10 sigbare veranderinge te maak aan hoe hulle tydens die eerste waarneming gelyk het. (Ruil skoene, dasse, serpe, truie; krap hare deurmekaar; laat hemde uithang; ensovoorts.)
- Laat die groep weer terugkom en weer oorkant die ander groep gaan staan. Die ander groep (waarnemers) het nou 60 sekondes om die 10 dinge op te noem wat verander het sedert die eerste waarneming.

Laat die groepe omruil en doen dieselfde oefening weer.

Lei die groep in 'n gesprek oor die volgende:

- Watter verandering was die moeilikste om te sien?
- Watter een was die maklikste?
- Hoe dink julle word gelowiges tussen ander mense uitgeken? Wat is anders?

TWEDE GESPREK

Laat die groep in kleiner groepe die volgende teksgedeeltes lees en telkens die antwoorde neerskryf:

- Beskryf waarmee Jesus hier besig is.
- Wat dink julle is anders (abnormaal) aan Jesus se optrede of woorde?
- Hoekom is dit anders as die normale? Wat sou normaalweg gebeur?

Lei hulle in die groot groep om 'n gevolgtrekking te maak.

Markus 10: 13-16

Wat doen Jesus? Jesus was besig om met mense oor God se wil te praat en hulle te leer toe ma's hul kinders vir Hom bring.

Wat doen Jesus anders? Jesus verwelkom vroue en kinders.

Wat was die normale optrede? Vroue en kinders was in daardie tyd nie welkom in die geselskap van mans en grootmense nie, veral nie waar 'n leermeester met sy volgelinge besig is nie. Dit is hoekom die dissipels hulle weggejaag het.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en verwelkom kindertjies in sy midde eerder as om hulle uit te skuif. Hy ignoreer nie hul behoefte om ook die Here te ken nie.

Matteus 5: 43-48

Wat doen Jesus? Jesus was hier aan die woord tydens sy bergrede toe Hy baie mense oor die wil van God geleer het.

Wat doen Jesus anders? Hy leer dat jy vir jou vyand moet bid, hom moet groet en seën.

Wat was die normale optrede? Die normale was om jou vyand te haat.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en leer dat ons selfs vir ons vyande lief moet wees en vir hulle moet bid.

Markus 2: 13-17

Wat doen Jesus? Jesus het vir Levi die tollenaar geroep om Hom te volg. Hulle het toe saam met ander tollenaars en sondaars gaan eet.

Wat doen Jesus anders? Tollenaars is in die Bybelse tyd as onrein en sondig beskou omdat hulle oneerlik was en vir die gehate Romeinse regering geld ingevorder het. Jesus meng met sulke mense.

Wat was die normale optrede? Die normale gewoonte was om nie met sulke mense te meng nie. Dit was verbied deur die godsdienstige leiers.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en bemoei Hom met verwerpte mense, want dit is juis *die siek mense wat die geneesheer nodig het.*

Matteus 8: 1-4

Wat doen Jesus? Jesus het van die berg afgekom terwyl baie mense Hom gevolg het.

Wat doen Jesus anders? Op pad raak Jesus, anders as al die ander mense, aan 'n melaatse man en genees hom van sy siekte.

Wat was die normale optrede? Melaatsheid was 'n ongeneeslike siekte. Melaatse mense moes buite die stad gaan bly omdat die Jode geglo het dat God hulle straf vir sonde.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en maak moeite met mense wat deur ander verstoot en verdryf is.

Johannes 13: 2-17

Wat doen Jesus? Jesus sit aan tafel saam met sy dissipels. Hy is hul Here en Leermeester, en hulle is sy dissipels of volgelinge.

Wat doen Jesus anders? Jesus, die leermeester, was die voete van sy dissipels, sy volgelinge.

Wat was die normale optrede? Die normale was dat 'n leermeester, die meerdere, nie volgelinge, die minderes, se voete was nie.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en wys dat 'n mens altyd bereid moet wees om nederig te dien en die minste te wees, eerder as om hoogmoedig gedien te wil word.

Johannes 18: 33-38

Wat doen Jesus? Jesus is in die ampswoning van Pilatus, van wie verwag is om Jesus skuldig te vind en Hom te veroordeel.

Wat doen Jesus anders? Jesus verdedig Homself nie en veg nie teen die Jode en teen Pilatus nie, al weet Hy Hy is onskuldig.

Wat was die normale optrede? Wanneer 'n mens aangekla word terwyl jy onskuldig is, sal jy jouself verdedig en jou onskuld probeer bewys.

Gevolgtrekking: Jesus steek die grens oor en laat Hom tot die dood veroordeel al was Hy onskuldig – Hy weet dit moet gedoen word om ons te red.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk of daar enige bykomende inligting oor hierdie aanbieding is.
- Laat hulle gaan neerskryf of hulle ook nou anders wil gaan optree, noudat hulle geleer het dat Jesus anders as die normale gedoen het.

- Indien wel, laat hulle gaan neerskryf wat hulle anders gaan doen in die onderstaande areas van hul lewe.
- Laat hulle gaan neerskryf hoe dit prakties gerealiseer het.
- Laat hulle gaan neerskryf wat die gevolge vir hulself en die ander persoon of saak is.

My ouers en gesin

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

My vriende

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

God

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

My meisie of my ou

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

Geld en besittings

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

Dagboek en tydsbesteding

Ek gaan

Ek het.....

Die gevolg

HULLE KRY HULSELF PARAAT

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die eerste gemeente se lidmate het –
 - o dieselfde gesindheid gehad en nie dwars getrek nie;
 - o 'n lewende gesindheid van liefhê en verstaan gehad;
 - o vir mekaar omgee;
 - o hul goed verkoop en met mekaar gedeel;

- o die armes gehelp;
- o gereeld kerk toe gegaan;
- o saam gekuier en saam geëet; en
- o God oral geprys.
- Kinders van God word aan 'n nuwe identiteit geken.
- Geloof is nie verstokte reëls nie, maar 'n lewende gesindheid van liefhê en verstaan.
- Kinders van die Here behoort aan 'n groter familie – hulle is *broers* en *susters*.
- Om 'n dissipel van Jesus Christus te wees, is 'n lewenswyse.
- Laat hulle teruggaan na Deel 1 Aanbieding 2 se RADIKALE DISSIPELSKAP en die opdrag voltooi.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Laat die een met wie vooraf gereël is, met 'n gebed afsluit.